

Saterdag 10 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 1:13-17

Fokusgedeelte: Romeine 1:17; HK Sondag 23, Vraag 59

Wat baat dit my dat ek glo?

In die vorige dagstukkies het ons aan die hand van die Kategismus besin oor die inhoud van die geloof soos saamgevat in die artikels van die Apostoliese Geloofsbelydenis. Elkeen van die artikels is noukeurig ondersoek om goed op hoogte te kom van die inhoud en betekenis daarvan.

Noudat ons weet wat die inhoud van ons geloof is, ontstaan noodwendig die vraag: Wat is die betekenis van alles wat ek bely oor God die Vader en ons skepping, God die Seun en ons verlossing en God die Heilige Gees en ons heiligmaking? Wat help dit my dat ek dit alles glo? Is ek deur my geloof 'n beter mens in vergelyking met dié wat nie glo nie? Veral as die gelowige die een ramp en teëspoed na die ander moet verduur, maar die ongelowige ken oënskyklik niks anders as voorspoed nie, dan word die vraag nog des te dringender: Maar wat baat dit jou dat jy dit alles glo? Dit is ook die vraag wat Job se vrou aan hom gestel het toe sy, na al die teëspoede en rampe wat hom getref het, aan hom gevra het: “Bly jy nog steeds vroom?” In hierdie vroomheid van Job kon sy vrou geen nut meer sien nie. Daarom adviseer sy hom ook: “Vervloek God en sterf!” In die tyd van Maleagi (3:14) was daar ook mense wat gesê het “Dit is nutteloos om God te dien. Watter nut het dit dat ons sy bevel uitgevoer het en in rouklere rondgeloop het voor Hom, die Here die Almagtige?” Tot sulke uitsprake kom 'n mens as jy die bate van die geloof in aardse voorspoed en sukses, in eer en rykdom soek. Die bate van die geloof lê egter nie in die eerste plek in aardse winste en voordele nie. Trouens, Christus het dit duidelik gestel: “As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook ver-volg” (Joh 15:20).

Waarin is die bate van die geloof dan wel geleë? Daarin dat God ter wille van die soenverdienste van Christus my regverdig verklaar en my vryspreek van alle sonde (Rom. 1:17) en my daarom 'n erfgenaam van die ewige lewe maak (Joh. 3:36). Omdat ek in God glo, staan ek nie meer voor Hom as 'n aangeklaagde en skuldige nie, nie meer as 'n doemwaardige sondaar nie. Ek staan voor Hom as 'n geregverdigde omdat Christus vir al my sondes ten volle betaal het. Daarom wag nie die smarte van die hel op my nie, maar die ewige saligheid waarin ek altyd by die Here sal wees (1 Tess. 4:17).